# Naweek in Beeld

# Suidwes-Kaap

## Silverstrand

13-15 November 2015

Kerskamp

Kamp verslag

Gesigboek stories

Bollie blad







Foto: Rozèl Goslett

Kom ons begin maar by die begin, soos julle teen die tyd al weet, die weerman. Die gereelde weer berig was weereens geplaas op Gesigboek en lui soos volg:




Gelukkig het niemand na hom geluister nie maar dankie in elk geval Andre.
Vrydag was 'n gejaag en deurmekaar dag, so teen die tyd dat ons gehak en in die pad was, het die naweek begin. Een waarna ons al lankal uitsien want dit is een van Suidwes-Kaap se groot kampe.



Gerhardus Theron en Dain le Roux het ingeklim om gou die woonwa reg te kry terwyl ons die mense gegroet het.

Die terrein is skoon en netjies en die gras lyk baie mooi. Hier is 'n nuwe swembad vir die wat wel hul swemklere gebring het.





Antoinette Steyn het verjaar en daar was lekker eetgoed wat sy vir ons saamgebring het.

Van woonwa regkry is hier nie sprake nie, Riaan Steyn en Johan Viljoen is die rustigheid vanself veral na die eetgoed.





Johan Oosthuizen staan en toe kyk hoe Ohna oor die water swaai, asof sy nou 16 is? Wat wou ...sy's 'n ouma!

Hier is Teresa le Roux se blink gedagte, huur 'n roomys masjien en dan ook sommer weer die slash puppy masjien. Dis 'n wenner, groot en klein het dit baie geniet.





Hier geniet Paul en Isabel Steyn 'n selfoon grappie.

Petro Steyn keer vir 'n vale om die skaduseil te red terwyl daar rustig deur die ander foto's geneem word. Nou hoe nou? Hou poppie hou!







Ons is almal welkom geheet asook al die gaste. Andre Heyns het voor gevat met die boekevat,

Kyk nou net waar lê Danny se skoene....soek maar in die foto's





Antionette Steyn baie geluk met jou verjaardag!





Foto's; Janine Theron






NEW YORK








Paul Steyn SWK se afslaer van formaat, Danny le Roux sorg dat almal weet wat is die item wat tans op die tafel is. Hierdie fondse gaan vir ons  Skimkamp wat iewers in die Wes-Kaap gaan wees.







Baie dankie aan almal wat iets geskenk het en ook aan die op wie die bod toe geslaan is.







Johan Viljoen en Pietie van Deventer weet waar dit veilig is, daar waar Paul jou nie kan sien nie. Louie-Cecile Boonzaaier lag te lekker nadat sy ook die vinger gelig het. Het jy iets gewys?  Nee glad nie, gelukkig het iemand anders weer in die strik getrap.









Niël Goslett en Janine Theron is hier besig met 'n roomys konkoksie, dis 'n suuruitjie op 'n stokkie en pynappel.

Rozèl Goslett bring koffie maar verstaan nou nie lekker die roomys storie nie.



Dave Griesel



Frans Reinke



Alec Foster

So word daar deur ons loeries gebraai en daar was tot skaap stertjies op die rooster.



Orals word daar tot laat gebraai en gesels. Dit is wat kamp lekker maak!

Hierdie stoel moet die Skim se stoel wees, hy/sy is daar, maar ook nie.

Ek en Gerhardus het al vroegoggend reggemaak om te gaan werk. Ons was verbaas om so baie van ons lede te sien wat buite sit en die natuur bewonder.





S a t e r d a g

Vandag gaan hier nog baie gebeur en wie kon nou dink dat die groot mense ook bederf gaan word.
Kersvader van Lapland het belowe hy kom weer by ons kuier vanjaar. Hy het verlede jaar so baie geniet en het laat weet dat hy almal se briefies gekry het. Kinders julle moet die pad dophou asseblief.

# Inbetaling by Sailer en Estie Viljoen







Die Skimkamp se loodjie lyste was ook daar.





# Marktafel



Petro Steyn het met die blink gedagte voor n dag gekom en het die mark tafel gereël om vir ons Skimkamp  fondse in te samel. Antoinette Steyn het ook ingeklim en gehelp. Dankie, vir die passie waarmee julle dit gedoen het en ook vir almal se ondersteuning. Daar is meer as R1500 ingesamel met die mooi tafel.







Andre Potgieter  bekyk die verkope en hoop dat hy na die poging nog ’n paar goed vir die Skimkamp kan beplan.













Hierdie is ’n baie mooi terrein  en die watersport is ’n groot attraksie.
Hier sit Niël en Kristie Goslett, Dane le Roux en Gerhardus Theron. Hier was weer mooi foto’s geneem.



Movember het ook vir ons kom kuier. Sailor Viljoen en Adell Rosenbrock.



Ek weet waar is die Skikamp...... ..........Barry Goddard




















En so het ons Moeder Teresa
gesorg dat elke kind 'n boksie
gekry het met baie goedjies in.











Niël geniet 'n verkeerd om roomys. Ons het 'n warm dag en die roomys en slush puppy masjien kry baie goeie aftrek.
Die brood deeg word gevul met verskillende bestanddele. Die een kry toe alles wat oorgebly het. Kaas, rosyntjies, Turkish delight sjokolade en 'n strook marmite.
So loop die varkie ook mooi - die manne van Braai World mag maar, want hulle kan!
Kobus Botha wys watter stukkie vark hy wil hê.







O daardie velletjie, party noem dit "crackling" ander weer kaiings, gee nie om nie. Dit is baie lekker en so oor die middag moet jy jou self keer om nie meer as 3 stukkies te eet nie. Net-nou is jou maag nie te gelukkig oor al die roomys, slush puppy en kaiings nie. Dan wag die varkie ook nog vir laat aand.
Hier moet ons bly, dit gaan nog baie lekker word!

Ek hoor 'n klok! Kom kinders!



Kersvader is hier. Klein en groot is opgewonde, want ons ken al die een. Hy het verlede jaar ook by ons kom kuier. Dis die melk ene en hy kan ook nie baie hoog vlieg nie. Die ongesnyde koringlande van verlede jaar was al te hoog vir hom gewees. Die keer het hulle die presente wat hy sou bring met die pos gestuur om sy slee ligter te maak. Ek dink hulle het ’n baie groot kans gevat want pos kan baie lank neem in Suid-Afrika. Ek dink Kersvader het ’n paar toutjies getrek.





















Hier was baie vreugde gewees en dan was daar ook die wat nie te vriendelik met Kersvader was nie.  Binne pret het ek wel gehad, Kersvader hou nie die geskenk stil nie, so die ogies het net die geskenk gevolg. Met elkeen was daar eers soos gewoonlik gesels.
































Daar is altyd die kansvatters met Kersvader maar hy het baie skietgoed. Een daarvan is ’n baie duur lipstiffie wat ’n goeie afskrikmiddel is.









Kobus Botha help hier met vaardigheid en die jong klomp geniet dit. Elmarie Steyn het ook haar geskenk kom wys en sy het gou verduidelik wat elke pen doen.



SKIMKAMP
Beplanning

So word dit gedoen en as ek na die groep kyk gaan daar weer groot dinge gebeur.

Baie sterkte en ons sê nou al dankie vir al julle harde werk.





Ons brode is reg, dit moet nog net gesny word. Hier word ’n varkie klein gemaak. Die reuk wat in die lug hang is nie van die Spur nie...dinge loop mooi!



Die Kersete werk soos volg; Elke gesin bring sy eie tafeltjie en maak dit mooi. ’n Oulap se rooi werk goed, julle almal se tafels lyk so baie mooi. Die weer is goed vir ons al was daar ’n paar wolkies in die lug. Hier word lekker gesels en saam gekuier soos ou vriende doen.









As ’n man sy storie ken, dan ken hy dit en so is dit met hierdie vark spit. Lank voor boekevat is die SWK mense  reg vir dit wat die aand voorlê.




















Al die manne word geroep om iets te kom haal. Wat ’n mooi geskenk vir elke woonwa. Dis ’n boek vol foto’s van die afgelope jaar met baie inkleurprente asook inkleur kryte Hieraan was baie hard gewerk deur Danny en Teresa. Julle is bakgat en ons gaan nie ’n “mossie” aanteken nie.









Die kinders kry toe ook elkeen ’n boek en gou-gou is hulle aan die inkleur. Hulle eie foto'tjies is in die boeke.
Hierna het  Andre Heyn weer vir ons die boekevat gedoen. “Jy is die beste jy wat daar is!”



Ons het ook Kersliedere gesing wat spesiaal in die boek gebind is.
Peter Henning het ook ’n paar woorde gespreek. Volgende op die lys was die brood tafel.









Die brood tafel het goeie aftrek gekry. Die kinder het boerewors broodjies gekry met 'n sousie.
Rikus Engelbrecht was op sy stukke en het te lekker saam gesels.
Klein Mia de Swart was stroopsoet.















Kristie Goslett was die ster van die aand.  Jy het die fluit baie goed bemeester. Volgende keer wil ons baie meer hoor asseblief!

Die roomys masjien was beskikbaar vir Poeding en almal was gou gehelp.














So het 'n baie mooi aand toe ook vir ons gegroet met so baie om oor na te dink en te onthou. Dit was lekker om die kindertjies so by ons te hê en ook te sien hoe hulle dit geniet.
Neels Jordaan het te naby die kragboks verbygeloop die dat hy so verlig is. Dalk is dit volgende jaar se kersboom.

Weereens baie dankie vir elkeen wat gehelp het om dit so 'n mooi aand en naweek te maak. Ek sê weer, ek is baie trots op SAWA Suidwes-Kaap. Dankie dat Jesus ook die middelpunt van ons kerskamp is.

Hierna moes ons en Niël Goslett hulle ongelukkig oppak en huis toe vertrek aangesien ons ander verpligtinge gehad het die Sondag.

## Sondag

Soos ek verneem was die grootmense Sondagoggend besig om in te kleur. Ongelukkig was my kamera nou nie daar nie ne.

Andre het die diens waargeneem en so die naweek afgesluit. Baie dankie vir die daar wees asook die manier hoe jy vir ons die geestelike deel, ook aangebied het Andre.

Tydens voorsitterstee, wat deur Pieter Henning aangebied was, is die volgende toekennings ook uitgegee.



Herman en Marieta Gerber
Gebieds Ere



Faul en Adri Retief
Verdienste



Ian en Antwanette Heyns
Verdienste

## Toekennings



Dennis en Louise Mitchell
Nasionale Ere



John en Engela McDonald
250 Algemeen

Johan Oosthuizen en Pieter Henning het die toekennings uitgegee. Baie geluk aan elkeen wat toekennings ontvang het.



Danny le Roux was die wenner van die kwartaallikse gelukkige trekking.



Sailor en Estie Viljoen was ons kampleiers vir die naweek.

Foto's; Andre Potgieter

**Die veiling en marktafel het meer as R2000 ingebring vir die Skimkamp. Baie dankie vir elkeen se bydraes.**

Ons wens elkeen *'n ware Christus* fees toe oor die Kerstyd. Mag *Kersdag ook 'n* verskil in ons elkeen se lewens maak. Veilig ry, geniet die familie en vriende, lekker rus en dankie vir elkeen se bydra in die jaar wat verby is. Mag 2016 vir elkeen iets besonders wees. Groete Petrus en Janine.

Hierdie gedeelte van Naweek in Beeld is opsoek na ’n naam , wees oorspronklik en help ons om die byvoegsel ook in te kleur.

# Onder konstruksie

## Kerskamp te Silwerstrand

November is ons Kerskamp vir vriende en familie. Dis Vrydag die roomys masjien en slash puppy masjien is daar en die groot en klein kinders staan en wag vir die masjiene om te loop. Dit was nou gesellig almal staan in rye klein en groot en gesels en wag vir hulle roomys en slash puppy. Vrydag aand was almal baie rustig.

Saterdag oggend het daar nog vroeg oggend kampers opgedaag. Dit is so lekker om te sien as n legkaart in mekaar pas. Almal werk saam om alles reg te maak vir Saterdag aand se ete. Sjoe maar die tafels het mooi gelyk, elkeen moes hulle eie tafel mooi maak en die tema was wit, rooi en groen.

Oom Frans en Tannie Bettie se 2 skinkbord tafels was net te oulik vir my. Dane en Gerhardus maak hulle toe na en besluit op die laaste oomblik om ook skinkbord tafels te gebruik.
Julle ken mos daardie storie “ dinner for one dit was nou n dinner vir two”. Tannie Sippie moes rondstaan vir die 2 jong manne, want gelukkig het sy n pragtige gehekelde tafeldoek ook in gepak vir die wis en onwis.

Ek moet n kompliment gee vir die sjef die kos was “ finger linking good” die vark was so sag en sappig dit het gesmelt in jou mond. Dankie Carlo van Zyl. Kristi Goslett het vir ons n musiekspel gelewer op haar blokfluit jy speel baie mooi. Ek wil net vir ons voorsangers se julle stemme met boekevat was pragtig. Julle kan enige tyd weer vir ons sing. Gelukkig het die weer saam gespeel en die aand was n groot sukses.
Almal het tot laat aand gekuier.

Sondag het die kinders Sondagskool gehad en Andre Heyns het vir ons die hele naweek se boekevat en kerk diens gedoen. Die boodskap wat Andre van Vrydag tot Sondag oorgedra het was absoluut treffend.

Almal het rustig verder gekuier na kerk en veilig huis toe gesleep.

Baie dankie almal wat die legkaart van SAWA SWK se Kerskamp help bou het.

Teresa lê Roux

# Gesigboek uittreksels



Hallo Almal
Baie dankie vir 'n heerlike SAWA SWK Kerskamp - 'n spesiale dankie aan elkeen wat baie hard gewerk het om dit moontlik te maak.
Petro en Antoinette, 'n spesiale woord van dank aan julle vir die "verkope tafel" ten bate van die Skimkamp - dit was 'n reuse sukses. Dankie ook dat julle bereid is om by die Vrugtefees gedurende Januarie 2016 'n verdere pogting aan te wend met hierdie tafel.
Paul, baie dankie vir die opveil van die items wat 'n hele paar rand by ons fondse gevoeg het.
Ook 'n GROOT DANKIE aan elke SAWA-lid en hul gaste wat geld spandeer het. Elkeen se bydrae word opreg waardeer.
In die loop van die volgende paar weke/maande sal ons foto-leidrade verskaf (sien leidraad aangeheg). Die foto's sal of aktiwiteite by Skimkamp uitbeeld, of as jy slim is, sal jy die Skimkamp kan sien.
Die kampkoste sal SLEGS R85 per persoon per nag beloop. Hou asseblief in gedagte dat ons teen einde Januarie 2016 die getalle moet vasmaak en dat kampfooie dan ook betaal moet wees.
Dink so 'n bietjie - Vrydag - "Arrive with a Hat". Saterdagaand se tema is "Western & Country" - kry solank jul "guns" en "boots" gereed.
Leidrade sal beskikbaar wees vanaf 09:30 op die Vrydag. Presies waar, sal volg.
Ek vertrou dat, met ons voogdegroepe se hulp, hierdie ook 'n heerlike kamp gaan wees. Hoop om almal daar te sien. Onthou die ekstra tenk petrol, indien nodig ... 

Hallo al julle mooi kampers

Ek hoop julle het reeds die Skimkamp 2016 gedagboek. Onthou ASSEBLIEF dat ons die getalle en kampgeld teen einde Januarie 2016 moet hê. Kry solank julle hoed, "gun" en "boots" reg vir die kamp.

Die inskrywingsvorm met die bankbesonderhede volg binnekort.

Ek glo dit gaan heerlik wees.

En: hier is nog 'n fotoleidraad

Groete. Andre



**Suidwes-Kaap Skim**

Daar's 'n kamp by die water wat my alles kan gee
Dit is 'n kamp wat vreugde bring
Bokant die berge tot in die vallei
Dit is die kamp net vir my.

Dis my kamp, my kamp, die skimkamp net vir my
Dit is die kamp waar ek liefde kry.
Dis my kamp, my kamp hier wil ek bly
Want julle deel hierdie kamp met my.

Al d'eksamens is nou klaar, joe-gai-die, joe-gai-da!
Nou begin die pret voorwaar, joe-gai-die-hai-da!
Maak reg vir kamp en vakansie;
Joe-gai-die, joe-gai-da!
Al is die geld partykeer skraal, joe-gai-die, joe-gai-da!
Ons bly steeds kamp, joe-gai-die-hai-da!
Dan kom Februarie en dan sal ons weer skaterlag!
Joe-gai-die-hai-die-hai-da, joe-gai-die, joe-gai-da!

Die Lied van 'n Loerie

Was ek maar 'n digter, sou ek dalk kon beskryf
wat julle aan my doen en hoe ek oor julle voel
ek sal julle lief hê tot die hane op hou kraai
tot die leeu en die lam bymekaar gaan lê
tot daar stilte oor die aande kom
en die wind nie langer waai
tot daar braaivleisvure brand.

Dis julle wat my in gedagtes kan weg voer
na die skimkamp en die stories daar agter
julle is die vriende wat dit opwindend maak
En vergemaklik my taak.

Ek is net 'n skim en my swakheid lê daarin dat ek
hart en siel gee, daar is niks wat ek weerhou
net voor die woorde opraak is daar iets wat ek nog moet sê
sien julle by die skimkamp volgende jaar.

# Bollie blad












Foto: Teresa le Roux—selfoon

Wat hier gebeur het weet ek nie, Tannie Sippie is op haar knieë, Adell is bo-oor, Verna en Joanine Oosthuizen staan en lag. So word daar saamgewerk in SWK!

**Lag maar lekker volgende keer is jy dalk op die bollie blad.**

*Kamp bywoning: 30 eie lede, 9 gas en ander streke 1 = 30 Totaal .
***Ons volgende kamp is by Ou Skip 22-24 Januarie 2016**
*Bestuurslid verantwoordelik: Petrus Theron
*Foto's geneem deur Petrus en Janine Theron tensy anders aangedui. Dankie vir die foto bydraes en stuur gerus van jul foto's vir my na 'n kamp.
*Kommentaar is altyd welkom epos: theron.pj@mweb.co.za



Redakteur Petrus Theron